Tel: 044 873 4383 | WApp: 061 470 3626 | E-pos: admin@tuinedal.co.za

GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

Welkom by vandag se erediens

26 Mei '19
09:00

Paastyd

Joh 11:17-32

Ds. Pieter van Santen

7 weke met God wat is
Week 5: Ek is die opstanding en die lewe.

Kleuters tot graad 6 – ná kindertyd na hulle klasse.
Graad 7-10 – ná kollekte na die konsistorie.

AS HUISGESIN VAN GOD...

...WIL TUINEDAL 'N **VEILIGE RUIMTE** WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT **EER VAN GOD**.



Michael Angelo
Die onvoltooide beeld

- **Waaraan moet ek sterf?**
- **Uit watter graf moet ek kom?**
- **Waarvan moet ek loskom?**

- alvorens ek kan opstaan, en nuwe lewe ervaar.

DAGBOEK DIE DATUMS

DO 30 MEI

Kerkkantoor gesluit
18:30 Hemelvaartdiens

VRY 7 JUNIE

17:00 Snoek en Patats-aand

JOEL WORD 50!

Joel en Juli het nie warm water in hul huis nie, ons wil graag vir sy 50ste verjaarsdag die gesin seën met 'n gas-geyser, sodat hulle warm water in hulle kombuis en badkamer sal hê. Die geyser en installasie-koste, beloop R4500. Dra asseblief by tot hierdie verdienstelike saak en betaal by die kerkkantoor in, met verwysing: Joel. **Ons het al sover R1700**.



Snoek en Patats-kuieraand!
7 Junie om 17:00
Kom kuier saam met jou gesin, net R65 gee vir jou 'n heerlike stuk vis, patats en 'n broodjie. Bring jou piekniek-mandjie en drinkgoed. **Dis die lekker ding om te doen!!**

SINODE 2019

Kry by die inligtingstafel 'n nuusbrief met 'n oorsig van die Sinodegebeure, te Goudini. Praat saam as ingeligte lidmaat.

Kersbonanza

Ons wil jou help om jou kersvakansie-drome waar te maak. Dink jy R5000 sal handig te pas kom? Vir jou 1 uit 300 kans om R5000 te wen. Jy kan vandag al vir jou 'n R50 droomkaartjie by die kerkkantoor koop.



LEEF EN DOEN JY?

Ons voetspoor in die gemeenskap kan slegs uitgebrei word indien ons hande en voete in werking stel om te *leef en doen*. Hiervoor het Tuinedal bedienings waar gesinslede betrokke kan raak. Ons het 'n **Gemeente-bediening**, wat binne die gemeente se grense werksaam is. Ons het 'n **Barmhartigheid, Uitreik en Getuienis-bediening** wat sorg vir die behoeftiges en die uitgeworpenes. Ons het **Jeugbediening** wat met die jongmense verhoudings bou en leiding gee.

Waar gaan jy aktief betrokke raak in Tuinedal?

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Vandag 26 Mei
Leon Williams 0726133246 PA1

Dinsdag 28 Mei
Sindey von Brandis 0728624426 BW2

Donderdag 30 Mei
Louis Taljaard 0829007645 Dor1

Vrydag 31 Mei
Christiaan van Santen (13) 0448736391 Dor6
Johlene Lenaers 0722248427 BW6

Saterdag 1 Junie
Annedien Louw 0605250081 BW1
André Scriven 0828773221

PINKSTER 2019

3 tot 6 Junie vat ons weer hande met NG George-Suid. Oor die 4 dae word 2 gebedsgeleenthede per dag geskep: 'n middaguur geleentheid van 13:15 tot 13:45 in George-Suid se konsistorie en 'n nawerk geleentheid van 17:15 tot 17:45 in Tuinedal se konsistorie.

Deuroffer

Die deuroffer op 19/5 was R540.50 vir Tuinedal Noodvoeding, **baie dankie**!
Deurkollekte vandag: Tuinedal Gemeentefonds.

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no. 114 289 5416, Takkode: 198-765

VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

HIERDIE WEEK DOEN ONS VOORBIDDING VIR...

- ...die **skoolkinders** wat **eksamen skryf**. Mag hulle pligsgetrou studeer en die vrugte pluk van hulle arbeid. Ons bid ook vir hulle **ouers** wat hulle moet help en ondersteun.
- ...'n **werk**, waarvoor ons 'n inkomste kan ontvang. Ons dank Hom dat Hy ons wysheid gee om dit reg te kan bespaar, bestee en vir Sy werk te gebruik.
- ...die **pastoriegesin**. Ons bid spesifiek vir ds. Pieter met sy sigprobleem, wat vir hom en die hele gesin, uitdagend is. Ons bid vir krag, geduld en heling. Ons bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ...ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in Sjina; Stefan en Carina & Elmar en Nadine in Japan.
- ...ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk & EJ en Koekoes in Kamieskroon onder YFC.
- ...ons **jeug!** Hulle word deur soveel seer, pyn en lyding geraak, bid vir hulle harte en gedagtes. Bid ook teen boelies en negatiwiteit.
- ...soveel huise waar daar **geestelike**, maar spesifiek ook **finansiële nood** is. Bid dat hulle nie hoop sal verloor of Jesus se hand mis sal kyk in die alledaagse nie. Help waar jy kan en kom ons *dra mekaar*.

AS ONS VIR JOU OF IEMAND KAN BID, STEL ASB DIE KANTOOR IN KENNIS...
ONS DOEN DIT GRAAG.

Ons gemeentelede wat onlangs iemand aan die dood afgestaan het.

Siekes in ons gemeente: **Kelly Grey** (gebreekte been, oorsee), Magdalene Bisschoff se **suster** (hartversaking, PTA), **Vivienne Gerber** (enkel, Dor3), **Marie le Roux** (hart, K1), **Helen Olivier** (kanker, Bos3), **Ds. Pieter** (oë, Dor6), almal met griep en almal wat herstel na kankerbehandeling.

Tydens die gebedsgeleenthede word spesiaal aandag gegee aan hierdie versoeke. Stuur 'n Whatsapp aan die Kerkkantoor by 0614703626 en raak deel van hierdie kosbare bediening.